

Stukke vir Die Burger  
20 Maart - 1973

VAN RIEBEECKDAG

deur

PROF. H.B. THOM

191.A.1 (59)

Enige dae gelede het 'n verteenwoordiger van Die Burger my gebel om te vra wat my standpunt is in verband met die behoud al dan nie van Van Riebeeckdag as 'n amptelike nasionale feesdag. Ek het dit toe in 'n paar woorde gegee, maar wil dit nou graag hier uitvoeriger stel.

Laat ek maar dadelik sê dat ek met ontstemming kennis geneem het van die moontlikheid dat Van Riebeeckdag as erkende nasionale feesdag kan verdwyn.

Daar was 'n tyd toe kultuurorganisasies herhaaldelik ernstige vertoe gerig en die Regering dringend versoek het dat 6 April amptelik as 'n openbare feesdag erken moet word. Veral was dit Afrikaanse organisasies wat hulle ingespan het, en ek het self op tal van plekke by kultuurgeleenthede my aandeel hieraan gehad.

'n Treffende hoogtepunt is die aand van 5 April 1940 bereik toe, onder die geesdriftige leiding van wyle mnr. D.P. de Klerk en deur die samewerking van die Kaapstadse Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurvereniginge en die Burgemeester van Kaapstad, 'n luisterryke byeenkoms in die Kaapstadse stadsaal plaasgevind het. Dit was my voorreg om aan die program deel te hê, aangesien ek uitgenooi was om oor Ons Stigter te praat. Ek het my rede soos volg afgesluit:

"Ons het die voorreg - soos seker min ander lande - om op één bepaalde man, Jan van Riebeeck, as ons Stigter te wys, en op één bepaalde dag, 6 April, die dag van sy aankoms, as ons Stigtingsdag. En tog het baie van ons hierdie dag jaarliks laat verbygaan sonder om in die minste aan die historiese betekenis daarvan te dink. Ons is een en almal te blameer, maar die groot fout lê tog daarin dat die dag nog nie offisiële erkenning gekry het nie. Daarom wil ons nou beleef dog nadruklik 'n beroep op ons landsregering doen om Van Riebeeckdag, 6 April, tot 'n openbare feesdag te verklaar".

Ek het luide applous gekry, en die Skakelkomitee het my van harte gesteun, maar die landsregering het hom doof gehou.

Die Kaapstadse Skakelkomitee het my vervolgens gevra om 'n brosjure oor Van Riebeeckdag te skryf, wat ek met genoëë gedoen het. Die brosjure het in

1941 verskyn, pragtig uitgegee deur die Skakelkomitee, weer eens met die medewerking van die Burgemeester. Aan die einde daarvan het ek my beroep herhaal dat die Regering Van Riebeeckdag as 'n "nasionale feesdag" moet erken. "Daarmee sal hy die geleentheid vir paslike en waardige herdenksfunksies skep en tegelyk 'n klinkende kultuurdaad doen". Soos ook vóór dié tyd, het daar weer van baie kante dieselfde versoek gekom, maar die Regering het hom weinig daaraan gesteur.

Toekom die verkiesing van 1948, en ons kry 'n Nasionale regering. Een van die eerste dinge wat wyle dr. Dönges, 'n man wat hom terdeë in die kultuursake van die Afrikaner ingeleef het, as Minister van Binnelandse Sake gedoen het, was om 'n Kommissie, onder voorsitterskap van dr. S.H. Pellissier, aan te stel wat op die hele kwessie van ons nasionale feesdae moes ingaan. Dit was vir my 'n vreugde om, op uitnodiging van dr. Dönges, lid van hierdie Kommissie te word.

In 1949 en vroeg in 1950 het ons op verskillende plekke dwarsoor ons land vertoë ontvang en mense uitgevra. Meer as tevore het dit my getref hoe sterk die gevoel was, met name onder Afrikaners, om amptelike erkenning vir Van Riebeeckdag te verkry. Die Kommissie het hierdie punt ten slotte in sy aanbevelings opgeneem, en ons was so gelukkig om, ondanks ruime verteenwoordiging van albei blanke taalgroepe in ons midde, onder leiding van dr. Pellissier 'n eenstemmige verslag by dr. Dönges in te lewer.

Dr. Dönges het vervolgens die betreffende wetgewing deur die Parlement geloods, en so is dan eindelik iets bereik waarvoor tal van mense hulle met groot toewyding lank beywer het en wat vir baie 'n betekenisvolle ~~culturele~~ oorwinning was.

Oor die geskiedkundige aspek van Van Riebeeckdag wil ek nie uitwei nie. Dit is reeds op uitmuntende wyse gestel deur twee van my oud-studente, wie se bydraes ek met groot belangstelling gelees het, t.w. dr. Anna Boëseken en dr. Willem Punt. Dit kan ook in besonderhede nagelees word in my genoemde brosjure, asook in die bekende uitgawes van die Dagregister van Jan van Riebeeck, die Hollands-Afrikaanse uitgawe (3 dele) en die Engelse uitgawe (3 dele).

Ek beklemtoon maar net: 6 April 1652 is vir ons die begin van ons lewende, kontinue geskiedenis. Alles wat gevolg het, is wel nie regstreekse gevolg daarvan nie, maar alles het per slot van rekening op 6 April gevolg; wat voorafgegaan het, is, wat die blankedom betref, sporadies en verbrokkeld. Wyle prof. S.F.N. Gie, pragtige stilis wat hy was, het reeds geskryf: "n Merkwaardige dag en datum hierdie, Saterdag, 6 April 1652! Die Europese beskawing op die

vooraand van sy blywende intrek eindelik vas geanker aan die strand van Suid-Afrika, vanwaar dit nie weer sou verdwyn nie!"

En nou hoor 'n mens dat 6 April maar afgeskaf kan word, want dit sou „nooit ingeslaan het nie"! Dis die soort opmerking wat niks kan beteken nie, en ook alles kan betekenis, maar wat selde verstaanbaar is. Wat wil „inslaan" sê? Beteken dit dat die dag landswyd met gebaar en uitbundigheid gevier moet word? Moet die meerderheid van ons mense dit vier? Moet die meerderheid van die blankes dit vier? Moet dit net op een bepaalde wyse gevier word? Stel ons norme van hierdie aard, dan is daar baie min van ons feesdae wat „ingeslaan het".

Dit is my oortuiging dat Van Riebeeckdag, sedert die instelling daarvan drie-en-twintig jaar gelede, in 'n wesenlike kulturele behoeftte voorsien. As ek dink aan al die kulturele geleenthede in verband daarmee in al ons Provinsies, aan besondere funksies in ons skole, aan byeenkomste in ons kerke, aan artikels en ander geskrifte, dan kan ek nie begryp wat bedoel word as daar gesê word dat dit nie „ingeslaan" het nie. Die feit is dat amptelike erkenning van die dag ons veel meer bewus gemaak het van die kulturele - en vernaamlik opvoedkundige - betekenis daarvan as wat ooit voorheen die geval was.

Ons hoor ook dat die dag, as vakansiedag, ons land jaarliks miljoene rand „kos". As praktiese mense moet ons natuurlik aan die materiële implikasies van ons nasionale feesdae dink en moet ons ons ook afvra of ons dit geldelik kan bekostig. Maar dit is ook so met alle ander vakansiedae, en die vraag is in die eerste plaas of Van Riebeeckdag buitensporige koste meebring in vergelyking met ander feesdae en of ons dit om daardie rede nie kan bekostig nie.

Maar ons moet oppas dat ons hier nie 'n heeltemal verkeerde norm aanwend nie. 'n Mens kan immers nie 'n geestelike, kulturele, opvoedkundige waarde met 'n materialistiese norm meet nie. Is dit geregtig om te sê dat bv. Geloftedag - al is dit ook so dat in werklikheid slegs 'n klein minderheid dit in die gewenste gesindheid vier - ons jaarliks soveel of soveel miljoen rand „kos"? Of, om 'n uiterste voorbeeld te noem, is dit geregtig om te sê dat Kersfees ons land soveel of soveel „kos"?

Die waarde van Van Riebeeckdag lê in sy geestelike inhoud, en as ons hierdie waarde suiwer wil bepaal, moet ons geestelike norme gebruik. As sy materiële implikasies nie buitensporig is nie, as hy op dieselfde lyn staan as ander feesdae (en ons weet daar is sekere wat selfs veel meer „kos"), en as ons dit - soos oor en oor reeds geblyk het - darem nog kan bekostig, dan kan die materiële faktor nie deurslag gee nie. As ons die dag desondanks afskaf, lê ons maar net, soos vandag reeds so dikwels gebeur, nogeens 'n kosbare offer op die altaar van ons verterende materialisme.

Die betekenis wat 6 April vir Suid-Afrika het, is in werklikheid lank gelede al besef. Van Riebeeck het reeds self besluit om dit, soos in sy Dagverhaal gesien kan word, as 'n "danck ende bededach" tot eer van die Here te gedenk.

Dit is opmerklik dat ook ons Kerk reeds vroeg die behoefté gevoel het om hierdie dag vir besondere aandag af te sonder. Op 14 November 1826 het die tweede Kaapse Sinode verwys na 6 April, "als sijnde de dag waarop deze Kolonie in het jaar 1652 is aangelegd, en alzoo ook de Christelijke Godsdienst is ingevoerd", en vervolgens het die Sinode besluit dat leraars aanbeveel sal word om op die Sondag naaste aan hierdie dag ten minste in hulle gebede en danksegging te herinner „aan de groote en heilzame gebeurtenissen van de Kerkhervorming".

Ten slotte konstateer ek: As die amptelike erkenning van 6 April beëindig word, sal dit beteken dat die vertoë wat indertyd so veelvuldiglik tot die owerheid gerig is, maar gou weer herhaal sal word. Want ons mense sal nie met lede oë aanskou dat 'n dag wat 'n bousteen in die skepping van ruimer en volwassener Afrikanerskap geword het, sonder slag of stoot as amptelike feesdag verwerp word nie. Maar in die proses sal daar teleurstelling en frustasie wees, en ongetwyfeld ook vervreemding van baie.

---